

Skriflesing

Hand 1:9-11

Open 22:6-21

Daar gebeur iets met 'n mens as jy die troumars hoor speel.

'n Paar van ons beleef iets negatief of hartseer.

Die meeste van ons beleef iets positief. Ons word herriner aan 'n dag waarna ons met verlange uitgesien het, ons huweliksdag. 'n Vreugdevolle dag waaroor ons gedroom het en steeds droom. Die begin van 'n geseënde tyd saam as man en vrou.

Die goeie nuus is dat daar nog 'n huwelik op elkeen van ons wag. Die wederkoms is ook 'n huwelik.

Jesus sê in gelese gedeelte drie maal in Open 22:7; 12 en 20 dat Hy gou kom. Vandag is dit al 2000 jaar later en Hy het nog nie gekom nie. Nou is daar mense wat sê dat die wederkoms nooit sal gebeur nie.

Ons vind vir sulke mense die Here se antwoord in 2 Pet 3:8-9:

“Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.”

Die bruid, met ander woorde ons as kerk, wag met afwagting vir bruidegom om ons te kom haal. Iets van die gebeure wat 'n huwelik op aarde voorafgaan, is deel van ons wag op die tweede koms van Jesus Christus.

Ons as gelowiges is opgewonde. Soos 'n bruid wat opgewonde wag op die koms van die bruidegom, so kan ons nie wag dat die Here weer kom nie.

1. Ons is voorberei vir sy koms.
2. Ons is opgewonde oor sy koms.
3. Ons steek ander met ons entoesiasme aan.

Kom ons gaan kyk hierna:

1. Ons is voorberei vir sy koms

By 'n huwelik is daar 'n klomp voorbereidings. Dinge soos 'n rok, uitnodigings, huweliksdiens, onthaal, foto's, blomme en musiek moet gereël word.

Soos 'n bruid grimeer, bruidsklere aantrek en vir die fotograaf poseer, so moet ons vir ons hemelse huwelik voorberei.

Ons moet aangetrek wees.

“Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. (Open 22:14)

Ons bruidskleed is witgewas deur die bloed van die Lam. Ons het sy verlossing in geloof aanvaar.

En daar is nie 'n middeweg nie. (Open 22:11)

Ons is voorberei of nie. Ons is reg vir die huwelik of nie. En ons weet dat ons as gelowiges se pad al steiler word oppad na die bruilof. Daarom is ons in geloof al sterker op God gerig. Die geloofstryd gaan feller word. Ons moet waak teen verleiding en dwaalleer. Ons moet aktief gehoorsaam wees aan God.

Ons moet ons besig hou met die Woord.

Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.” (Open 22:7)

Ons moet God aanbid.

“Pas op, moenie!” sê hy toe vir my. “Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!” (Open 22:9)

Ons moet die evangelie verkondig.

“Verder sê hy vir my: “Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby.” (Open 22:10)

Dit is vir my opmerklik hoe die Here dit die laaste maand dit vir ons by herhaling kom bevestig.

Veneto het in sy afskeidboodskap gesê: “Julle moet die wêreld gaan verander.”

2 weke gelede het die Here met ons gepraat oor medewerker van God wees. Medewerkers van God wat getuig met dringendheid en doelgerigheid. Ons het in 2 Kor 6:2 gelees: Kyk, nou is die regte tyd, nou is die dag van redding.

Die afgelope sondag het ons onder andere by die volgende vers stilgestaan:

2 Tim 1:8a Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie;

‘n Bruidegom praat mos oor die naderende huwelik. So kan ons nie anders as om te praat oor die bruidegom wat oppad is nie.

Omdat ons voorberei is, is ons opgewonde soos ‘n bruid.

2. ‘n Bruid is opgewonde oor die huwelik.

Huweliksvoorbereidings en -verpligtinge word met vreugde gedoen omdat die bruid met liefde en verlange uitsien na die koms van die bruidegom en na ‘n lewe saam met hom. As sy nie uitsien nie, is al die voorbereidings ‘n sware las. Dan is dit iets wat met ‘n groot sug gedoen word.

Dit is hartseer dat iets hiervan baiekeer waar is van ons as kerk. Ons het van die vreugde en opgewondenheid vir koms van die Bruidegom verloor.

Ons het vasgevang en ingeburger geword in die dinge van die wêreld. Ons onthou nie meer waarnatoe ons oppad is nie. Ons is so besig met versadig van ons begeertes op aarde dat ons nie meer verlang na God se nuwe wêreld nie. Vasgevang in ons daaglikse verpligtinge en sorges vergeet ons dat ons as die bruid van God oppad is na ‘n huwelik toe.

Ons is opgewonde oor sy eerste koms. Ons vier jaarliks kersfees. Maar ons verloor sy tweede koms uit die oog. Dan word kerkwees ‘n sware en moeisame las vir die bruidskerk. Waar die Bruidegom nie meer verwag word nie, sterf alles in en om die bruid ‘n stadige, maar seker, dood. Ons word negatief oor enige betrokkenheid by die saak van die Here. Ons woon nie meer eredienste by nie en uiteindelik lees ons nie meer Bybel nie en ons bid nie meer nie.

Hoe kom ons uit hierdie doodsheid?

Ons moet op ons knieë gaan en ons vir die Gees oopstel sodat Hy weer ons geloofsoë sal opmaak dat ons die bruilofsfees wat op ons wag, sal sien. Ons moet toelaat dat die Heilige Gees ‘n opgewondenheid in ons werk. Ons het ‘n toekomst. Jesus Christus, die Bruidegom, gaan ons kom haal.

Gelei deur die Gees word die brandende verlange van Open 22:17 en 20 weer in my gebed hoorbaar. “Die Gees en die bruid sê: “Kom!” En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom!” En elkeen wat dops het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!”

“Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen! Kom, Here Jesus!”

Die Gees steek entoesiasme oppad na wederkoms in my aan die brand.

3. Ek steek ander met my entoesiame aan.

Wie weet nie van die aansteeklike entoesiame van die bruid op weg na die bruilof nie. Almal word saamgesleep en meegevoer deur die opwinding. Geen moeite is te veel nie en geen koste te hoog nie.

So is daar ook entoesiasme by ons as bruidskerk want die Bruidegom, die helder Mōrester van Open 22:16 is oppad. Die mōrester is aanduiding dat die nag verby is. Hy is ons aanduiding dat die nag van vervolging en swaar en seer verby is. In en deur Hom sal hemelse huweliksfees onstuitbaar aanbreek.

Afsluiting

“Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan.

Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.” (Hand 1:10-11)

Weet dat voor ons as kerk van die Here nie ‘n onseker toekoms lê nie. Ons leef as bruid vol afwagting in hierdie wêreld. Ons hemelse Bruidegom is oppad!

“Ek kom hou”, hou vas aan hierdie belofte van die Bruidegom. Hoor sy hemelse troumars, ons Bruidegom is inderdaad oppad. Gevul met die Gees roep ons opgewonde: “kom, Here Jesus!”
Amen